

Maandag

Skriflesing Mat. 23: 37, 38; 24: 1, 2. Miga 5: 1 – 5. Teks Mat. 24:2 : “Dit verseker Ek julle Hier sal nie en klip op die ander bly nie; alles sal afgebreek word.” Tema: "Jesus Christus maak ons tuis in sy verbondstrou - nie op die puinhoop nie." Jesus kondig na sy veroordeling van die skrifgeleerdes en Fariseërs in Mat. 23 aan dat Jerusalem 'n puinhoop sal word en die tempel in Jerusalem verwoes sal word. (Mat. 23: 38; 24: 2) Hierdie aankondiging van die Here was deel van die klagtes teen Jesus voor die Joodse Raad dat Jesus gesê Hy kan die tempel in Jerusalem afbreek in drie dae weer opbou. (Mat. 26: 61) Jesus is hier nie besig om 'n voorspelling te maak van wat in die toekoms met Jerusalem en die tempel gaan gebeur nie. Hy kondig aan wat Hý self as die Messias met Jerusalem en die tempel gaan doen. In die nuwe GODLOSE SKRIFGELEERDHEID van vandag word gesê dat hierdie 'n voorspelling is van die verwoesting van Jerusalem en die tempel in die jaar 70 n.C. Toe het die Romeine Jerusalem 'n puinhoop gemaak en die tempel tot op die grond afgebreek. Maar, sê hulle dan by, dit is nie regtig 'n voorspelling van Jesus nie. Dit is iets wat die skrywer Matteus opmaak en Jesus in die mond gelê het. Hierop reageer GEESTELIKES dan met die standpunt dat Jesus het self hierdie voorspelling gemaak want Hy het geweet wat gaan gebeur! BEIDE hierdie opvattinge verduister egter die openbaring van die Here Jesus in hierdie woorde. Jesus is nie hier besig om voorspellings te maak soos 'n waarsêer (soos Siener van Rensburg uit ons eie geleedere) nie. Jesus maak hier 'n aankondiging van wat Hý as die Christus met die stad Jerusalem en die tempel gaan doen. Jesus is die Christus, die Messias wat volgens die openbaring van die profete, die tempel kom afbreek en die stad Jerusalem as 'n verwoeste puinhoop gaan agterlaat. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus.

Dinsdag

Skriflesing Mat. 23: 37, 38; 24: 1, 2. Miga 5: 1 – 5. Teks Mat. 24: 2 “Dit verseker Ek julle Hier sal nie en klip op die ander bly nie; alles sal afgebreek word.” Tema: "Jesus Christus maak ons tuis in sy verbondstrou - nie op die puinhoop nie." Jesus se aankondiging dat Hy die tempel en Jerusalem gaan verwoes, is die vervulling van hoe die profeet Miga die Christus openbaar het. Volgens sy openbaring is beide tempels in Israel en Juda afgodsplekke wat God self gaan verwoes: “Wat is die sonde van Jakob? Samaria! Wat is Juda se afgodshoogte? Jerusalem!” (Miga 1: 5) Daarom kondig God aan dat Hy as die Here wat hulle in hierdie tempels aanroep as 'n afgod, hierdie tempels en stede puinhoop gaan maak. Oor Samaria sê die Here: “Daarom sal Ek Samaria 'n puinhoop in die oop veld maak ... Ek sal sy bouklip in die laagte afgooi, sy fundamente oopgrawe.” (Miga 1: 6) en oor die tempel in Jerusalem: “Daarom is dit julle skuld dat Sion soos 'n stuk land geploeg sal word, dat Jerusalem 'n puinhoop sal word, dat die tempelberg 'n hoogte vol bossies sal word. (Miga 3: 12) Hierdie is nie net 'n voorspelling nie, maar die aankondiging van 'n ramp wat God sêf beplan het (Miga 2: 3) en deur Babilon uitgevoer het. (Miga 6: 13) Jesus het die verwoesting van Jerusalem en die tempel bedoel, beplan en uitgevoer deur die Romeine in 70 n.C. Hierdie mag en optrede van die Here word vandag vir ons

verduister deur 'n "Jesus" wat deur predikante, pastore en priesters vir ons as 'n slagoffer en martelaar voorgelê word. Slagoffers en martelare is altyd mense wat deur hul oorgawe aan die onregverdigde lyding die brutaliteit en onmenslikheid, die magsug en magmisbruik van magtiges ten toon gestel word, maar wat (volgens hierdie geestelikes) niks aan hul geweldenare kan doen nie. Maar... Jesus is nie 'n magtelose martelaar soos Mahatma Gandhi wat passivisme sy krag maak nie. Jesus het as MESSIAS sy geweldenare se tempel, stad en land ná sy hemelvaart 'n puinhoop gemaak. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus.

Woensdag

Skriflesing Mat. 23: 37, 38; 24: 1, 2. Miga 5: 1 – 5. Teks Mat. 24: 2 “Dit verseker Ek julle Hier sal nie en klip op die ander bly nie; alles sal afgebreek word.” Tema: "Jesus Christus maak ons tuis in sy verbondstrou - nie op die puinhoop nie." Ons mag nooit Jesus se lyding en dood deur die skrifgeleerdes en Fariseërs sien as 'n voorbeeld van 'n groot martelaar van magtelosheid teenoor geweld nie. Ons kan dit met 'n voorbeeld toelig: Sakemanne wat die tydelike lyding en vernedering van werknemers dra, om eers die besigheid te red en in stand te hou, en daarna met die werknemers afreken! Dit gebeur al meer en meer met ons in die anargie in ons land! Werkgewers skep werk en versorg werknemers. Dan besluit hulle eendag dat hulle nie werknemers wil wees nie, maar eienaars. Hulle begin staak, beledig, vloek en spoeg die eienaar. Wat doen die eienaar? Hy besluit om die besigheid toe te maak en na 'n ander land toe te verskuif. Hy is nie besig om homself hulle slagoffer en martelaar te maak, nie besig om homself oor te gee aan hulle geweld of met innigheid hulle liefdevol te probeer wen nie. Al hoekom hy tydelik hierdie geweld en vernedering aanvaar, is om die besigheid te red, te verskuif en te beveilig in 'n ander land. Hy is besig om die magsentrum van die besigheid te verskuif waar hy met volle gesag weer die werkgever kan wees. Wanneer hy klaar die besigheid gered en die magsentrum verskuif het buite die mag van hierdie slegte werkers, dan kom hy met die volle geweld van die wet terug: ontbind die besigheid waarmee hulle, hul brood en botter verdien, kla hulle aan van aanranding, diefstal en moord en lewer hulle oor om tronk toe te gaan, honger op straat te wees en sonder enige heenkome te wees. Jesus het sy lyding gedra om sy mag as Here in die hemel te vestig, die kerk van die Jode weg te vat na gehoorsame dienaars en toe daarna met hulle en hul tempel kom afreken. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Donderdag

Mat. 23: 37, 38; 24: 1, 2. Miga 5: 1 – 5. Teks Mat. 24: 2 “Dit verseker Ek julle Hier sal nie en klip op die ander bly nie; alles sal afgebreek word.” Tema: "Jesus Christus maak ons tuis in sy verbondstrou - nie op die puinhoop nie." Waarmee Jesus Christus besig as Hy die lyding, kruisiging en dood dra wat die Jode Hom mee verneder, sien ons in die kontras sien tussen twee magsetels wat die Here uitwys: die EEN stel die Here in Mat. 23: 2 só: “Die skrifkenners en Fariseërs sit op die stoel van Moses.” (Direkte Afrikaanse Vertaling) Die ANDER kondig die Here aan teenoor die skrifkenners en Fariseërs in sy verhoor: “Van nou af sal julle die Seun van die

mens sien sit aan die regterhand van die Magtige en Hom op die wolke van die hemel sien kom.” (Mat. 26: 64) Volgens ons voorbeeld van gister klink hierdie teenstelling só: “Ek verdra hierdie gepeupel se mag om nou skielik My werkgewer te wil wees, want Ek het klaar die besigheid wat hulle dink hulle mag is na die buiteland, na die hemel toe verskuif.” Die werkers, die Jode, maak die erfgenaam dood omdat Hy vir hulle sê dat hy klaar die besigheid buiteland toe geskuif het. Dit is presies die inhoud van die gelykenis oor die huurders en wingerd in Mat. 21: 33 – 46. Die werkers maak die seun dood om die besigheid te kry, maar dan kom die eienaar, straf hierdie werkers en gee sy wingerd vir nuwe ’n nuwe volk wat vrug oplewer – die kerk van Jesus Christus. Christus kondig Sý nuwe magsetel só aan in Mat. 28: 18 – 20: “Aan My is alle mag op hemel en aarde gegee.” Met hiërdie mag is Hý met sy teenwoordige verbondsliefde nou die ware tempel: “En onthou Ek is met julle al die dae tot die voleindig van die wêreld.” Daarom gaan Hy nou na sy opstanding, van die Jode se tempel wat net ’n afgodshoogte is ’n puinhoop maak. Regtig! Want die Eienaar van sy kerk kan nou as regter van hierdie goddeloses optree omdat sy kerk van hulle na ander (Hy sêlf) verskuif is - ’n magsetel wat hulle nie kan oorneem nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerkleuvubu.co.za Ds. Petrus.

Vrydag

Mat. 23: 37, 38; 24: 1, 2. Miga 5: 1 – 5. Teks Mat. 24: 2 “Dit verseker Ek julle Hier sal nie en klip op die ander bly nie; alles sal afgebreek word.” Tema: "Jesus Christus maak ons tuis in sy verbondstrou - nie op die puinhope nie." Wie sien jy en wat sien jy wanneer jy kyk na Jesus Christus wat deur die Jode se geweld verneder was? Wie en wat sien jy wanneer jy na ’n besigheidsman kyk wat deur sy werknemers, in sy kantoor gevange gehou word, hom verskree en hom met ’n baksteen slaan? Jy sien iemand wie regtig ly. Omdat hy die werkgewer is, is hy nie verhewe of onaangeraak deur die vernedering van hul beledigings en die pyn van hulle geweld nie. Wat jy nie mag raaksien (en so daarvoor dink) nie, is ’n martelaar en slagoffer. Die verskil tussen die regte lyding wat ’n sakeman op hom self neem en dra, en martelare en slagoffers se lyding, is die rede hoekom hulle die vernedering dra. Sakemanne dra lyding as die wyse waarop hulle hul besigheid se mag hervestig om dan, daarna, met die gepeupel te kom afreken. Martelare en slagoffers ly om hul magteloosheid en die onmenslikheid van hul gewelddadige te demonstreer en met hulle innigheid te oorweldig. Jesus het regtig gely onder die geestelike gepeupel omdat Hy besig was om God se raadsplan hoe Hy Christus en Here in die hemel moet wees, uitgevoer het. Jesus Christus het nie magteloosheid gedemonstreer om sy gewelddadige aan die woede van die wêreld uit te lewer en met innigheid te oorweldig nie. Hy het deur sy lyding die raadsplan van die Vader vervul (naamlik hoe om alle mag in die hemel en op aarde as die Christus te ontvang), om die Christus wie God met sy kerk in sy verbondsliefde is, te wees. Toe het Hy nadat God se raadsplan (hoe om Here vir sy kerk te wees) vervul het, hulle (die Jode) wie Hom verneder het, kom vernietig! Hy het van sy gewelddadige se tempel (hul huis en lewe) ’n puinhoop kom maak. Preek beskikbaar op Google by ngkerkleuvubu.co.za Ds.

Petrus.

Saterdag ekstra

Mat. 23: 37, 38; 24: 1, 2. Miga 5: 1 – 5. Teks Mat. 24: 2 “Dit verseker Ek julle Hier sal nie en klip op die ander bly nie; alles sal afgebreek word.” Tema: "Jesus Christus maak ons tuis in sy verbondstrou - nie op die puinhope nie." Die geestelikes van vandag wil hê dat ons Jesus as die groot martelaar en voorbeeld moet sien hoe om jouself magteloos oor te gee aan die geweld en vernedering van die gepeupel én die heerssugtiges van hierdie wêreld. Hulle wil nie dat ons Jesus as die Christus sal ken wat self van afgodstempels kom puinhope maak nie. Dit is omdat hulle dié mense is wie van mense en gemeenskappe se lewens afgodstempels maak. Daarom maak hulle asof jy 'n martelaar vir God moet wees wat van God se puinhoop jou tuiste moet maak. Met hierdie martelaarsbeeld van Jesus regverdig hulle al die afgodsdienste waarmee hulle besig is en verduister hulle die ellende wat Jesus Christus self oor mense en gemeenskappe wat hulself en hul lewe 'n afgodstempels maak, bring. Martelare maak van God se puinhope hul geestelike tuieste, soos haweloses ashope hul tuiste maak. Wanneer jy van jôu lewe en jôu hart vir God 'n tempel maak waarin God sy goddelike lewe en krag in jôu moet kom uitleef, maak Hy van daarvan 'n puinhoop. Dit is die werklike ontdekking wat mense moet maak! Wanneer ek van myself en lewe, van my volk, my nasie, my gesin en besigheid, 'n afgodstempel gemaak het waarin 'n afgod woon wat ek sommer die naam "Jesus" voor gee, dan is dit die HERE Jesus wie hierdie huis afbreek tot op die grond, en dít gebeur regtig in die regte wêreld. Martelare kan Jesus nie so ken en herken nie! Hulle sien die vernieling van die Here as 'n plek vir hulle geestelike missies en visies. Die puinhope wat God maak is vir hulle die tuiste vir hul geestelike missies en visies. Die HERE Jesus egter maak ons deel van sy VERBONDSLIEFDE sodat ons kan leef in die geregtigheid, barmhartigheid en liefde van sý wil, en van puinhope wat ons weet Hý nog gáán maak, wegvlug. Preek beskikbaar op Google by ngkerkevubu.co.za Ds. Petrus